higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T420**(A)**(A12)T

NASIONALE SERTIFIKAAT: MULTIDISSIPLINÊRE TEKENKANTOORPRAKTYK

REKENAARGESTEUNDE TEKENWERK

(6010035)

12 Augustus 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

BENODIGDHEDE: BVR 8/15-omslag
A4-tekenvelle

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye, 2 diagramblaaie, 1 bylae en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT: MULTIDISSIPLINÊRE TEKENKANTOORPRAKTYK
REKENAARGESTEUNDE TEKENWERK
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord slegs VRAAG 1 op die aangehegte ANTWOORDBLAD.
3. Beantwoord ALLE ander vrae op A4-TEKENBLAAIE. Moet NIE A3-TEKENBLAAIE gebruik nie.
4. Gebruik slegs EEN kant van die TEKENBLAAIE om jou antwoorde te plot of te druk.
5. Plot of druk elke tekening op 'n aparte TEKENBLAD.
6. Die vraagnommer moet bo in die linkerkantse hoek van elke blad verskyn
7. Plot ALLE kandidaatinligting in die titelblok.
8. Voorsien 'n kantlyn op elke TEKENBLAD.
9. Teken AL die tekeninge volgens die gegewe skaal.
10. Gebruik jou eie diskresie waar afmetings NIE aangedui word nie.
11. Tekeninge moet deur die kandidaat self geplot of gedruk word..
12. Handhaaf 'n gebalanseerde uitleg. Beplan goed om punte te verdien.
13. Voeg ALLE los TEKENBLAAIE en die ANTWOORDBLAD in die BVR 8/15-omslag. Moet NIE die bladsye aan mekaar vaskram nie.
14. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: REKENAARORIËNTERING

Beantwoord die volgende vrae op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). Skryf jou EKSAMENNOMMER neer in die ruimte wat bo-aan die blad daarvoor voorsien is.

1.1 Verduidelik wat 'n *rekenaarvirus* is. (3)

1.2 'n Rekenaarmonitor dui aan dat die rekenaar in *veilige modus* loop.

Verduidelik die betekenis van hierdie boodskap. (2)

1.3 Verduidelik die term *bluetooth*. (2)

1.4 Wat word met die rekenaarterm *verstek* ('default') bedoel? (1)

1.5 Noem die toestel wat in staat is om inligting langs verskeie paaie deur 'n netwerk te stuur. (1)

1.6 Noem enige toestel wat aan 'n rekenaar gekoppel kan word. (1)

[10]

VRAAG 2: STRUKTUURSTAALWERKDETAILLERING

Op FIGUUR 1, DIAGRAMBLAD 1 (aangeheg), word die prentaansig van 'n H-profiel-staalstander getoon wat aan 'n basisplaat vas is en met TWEE knoopplate en TWEE gewalstestaalhoeke versterk is. Die kolom gaan aan 'n gewapendebetonbasis met ankerboute (NIE getoon nie) vasgemaak word. Die stander is aan die basisplaat vasgesweis. Die knoopplate is aan die flense van die stander vasgesweis. Die sweiswerke moet albei 6 mm-hoeksweislaste wees.

Spesifikasies:

Gewapendebetonbasis:	1 000 mm × 1 000 mm × 450 mm diep met 25 mm-afgekante rande
Voetplaat:	530 mm × 530 mm × 25 mm dik
H-profiel-staalstander:	254 × 254 × 72,9 kg/m
Gewalstestaalhoeke:	150 × 75 × 10
Knoopplaat:	12 mm dik
Ankerboute:	M20

Moet NIE die gegewe prentaansig teken nie, maar teken wel die bo-aansig volgens skaal 1:10, soos deur pyl A aangedui word. Voeg ALLE afmetings, byskrifte, deursnee-arsering en sweissimbole daarop in. Voorsien die tekening van 'n titel en 'n skaal. **[18]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: ALGEMENE EN MEGANIESE TEKENWERK

Op FIGUUR 2, DIAGRAMBLAD 1 (aangeheg), word die vooraansig van 'n speekrat, wat op 'n stander gemonteer is, getoon.


Teken die gegewe aansig volgens 'n skaal van 1 : 2 en aan die hand van die volgende ratspesifikasies:

Aantal tande:	24
Steeksirkelmiddellyn:	168 mm
Drukhoek:	20 grade

Voeg ALLE afmetings, deursnee-arsering en middellyne op die aansig in. **[30]**

VRAAG 4: ELEKTRIESE TEKENWERK

Op FIGUUR 3 word 'n oopstroom-dubbelkringdiagram getoon. Teken 'n groot, netjiese kringdiagram in goeie proporsie met AL die benoemde simbole op die regte plek.



FIGUUR 3

Die ontbrekende dele is soos volg:

2	**Gelykrigter (2 van)**	5	D.C. Generator
4	**Kapasitor (2 van)**	3	**Kruising**
1	A.C. Generator		

[12]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: BOUTEKENWERK


Op FIGUUR 4, DIAGRAMBLAD 2 (aangeheg), word die planaansig van 'n luuksehuis, wat in 'n moderne voorstad gebou gaan word, getoon.

Druk of plot die gegewe planaansig volgens 'n skaal van 1:100 op 'n landskapsgeoriënteerde A4-TEKENBLAD. Die voltooide tekening moet AL die afmetings en byskrifte insluit. Voorsien die tekening van 'n titel en 'n skaal. Sien die BYLAE (aangeheg) vir die groottes van die vensters. **[30]**


TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

DIAGRAMBLAD 1




FIGUUR 1



FIGUUR 2

DIAGRAMBLAD 2



FIGUUR 4

Kopiereg voorbehou

(6010035)

BYLAE



(Figures in brackets indicate glass area)

(Figure tussen hakies dui die glasarea aan.)

Houtvensterskedule

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD EKSAMENNOMMER:

VRAAG 1

Jy mag 'n potlood of 'n pen gebruik. **PUNTE**

1.1 …… ……..

…… ……..

…… ……

1.2 …… ……

…… ……

…… ……

…… ……

1.3 …… ……

…… ……

…… ……

…… ……

1.4 …… ……

1.5 …… ……

…… ……

1.6 …… ……

VRAAG 1 ……../10 **VRAAG 4 ……../12**

VRAAG 2 ……../18 **VRAAG 5 ……../30**

VRAAG 3 ……../30 **TOTAAL ...../100** **……..100%**

Kopiereg voorbehou